# AS EK SWAK IS, IS HY STERK IN MY

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Jesaja 40:29 Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie.**

-o0o-

Ek het die afgelope tyd deur geweldige aanslae gegaan, voor en tydens 'n uitreiking, en kon baie dae nie eens op my been trap nie. Ek moes egter aangaan en deurdruk, want ek het geweet dit is aanslae. Dit is asof die duiwel nie kan ophou om 'n mens aan te val op alle areas van jou lewe nie. Dit laat jou ook baie keer wonder of jy deure oopgemaak het, en dan begin jy om selfondersoek te doen - om te kyk waar het jy fouteer, waar het die duiwel die reg gekry om jou so aan te val.

'n Mens kom dan tot die gevolgtrekking dat dit dalk beproewinge kan wees, omdat dit nie so kan aangaan nie. Die mens is wel swak, maar die Bloed van Jesus is die kragtigste wapen wat daar is! As ons 'n daaglikse lewe van belydenis lei, dan sal die Bloed van Jesus Christus ons reinig van alle sonde.

Vanoggend vroeg het daar iets by ons huis gebeur wat my uit die slaap wakker gemaak het. Ongelukkig het die swakheid van die mens eerste opgestaan in my, en ek het my baie swak gedra. Daarna het dit my egter gepla, my gehinder, en dan wonder jy: *hoekom kan 'n mens nie oorwinning kry oor hierdie dinge nie? 'n Mens voel later asof jou rug wil breek, want die aanslae hou nie op nie.*

Ek het vanoggend hier in my bidkamer kom sit en was so skaam oor my gedrag, en ek kon maar net die Here om vergifnis vra en pleit dat Hy my sal skoonwas met die Bloed van Jesus. Toe kom die wonderlike gedagte by my op en ek wil dit nou graag met julle deel:

Die Heilige Gees praat met my en vra: *Gert, hoekom het Christus Jesus aarde toe gekom? Is dit nie juis omdat julle swak en ellendig is, en omdat julle val en julle rûe breek, want julle is maar net mens?* Jesus Christus, die Seun van God, soewerein, heilig, en onbesmet, het nooit geval vir enige aanvalle of aantygings nie. Hy het sterk gestaan, Hy het vas gehou aan dit wat die Vader is, Hy het dit vir jou en my gedoen.

Toe besef ek verder die diepe waarde van Christus Jesus onse Here, dat dit juis van die redes is hoekom Hy gekom het, nie net om ons te red nie - dit is wel die hoofrede hoekom Hy gekom het, om sondaars te red soos Paulus gesê het: "ek is die grootste sondaar" (1 Tim 1:16). Ons het Hom daarvoor nodig, maar selfs in ons "geredde" lewe, wanneer die aanslae kom en ons voel partykeer asof ons rûe breek en ons kan nie verder vorentoe nie en ons weet nie watter kant toe nie, want die aanslae kom van alle kante af, dat jy naderhand voel asof jy net nie meer al hierdie aanslae kan hanteer nie. Dan kan jy net hand opsteek en sê "Here!" Wanneer jou rug uiteindelik breek en jy in swakheid fouteer het, kan jy net opnuut jou hande in die hande van die Here plaas. Hy is ons Krag en ons Sterkte (Jesaja 40:9).

Vandag wil ek net opnuut sê, soos die Israeliete gesê het toe hulle deur die Rooi See getrek het: O Here wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, verheerlik in heiligheid, gedug in roemryke dade, een wat wonders doen? Exodus 15: 11. Ons kan dan net in dankbaarheid sit en sê: *Dankie Vader dat U vir ons die soewereine, heilige, onbesmette, volmaakte, onoorwonne Christus gegee het sodat ons*

-o0o-

*in Hom een kan wees, in Hom skuiling kan vind, dat ons soos 'n duif in die rotsklowe kan inbeweeg.* En net kan sê: *Here al is ek hoe swak, al is ek hoe ellendig vandag, moenie na my swakhede kyk nie, moenie na my tekortkominge kyk nie, Here, want dit is waarvoor U daar is, om vir die heiliges in te tree voor die Vader*.

Jy mag dalk vra: *Hoekom sal intersessie by die Vader so nodig wees as ons reeds volmaakte mense op aarde is?*

Die antwoord hierop is:

- Dit is juis 'n teken dat ons nog baie tekorte het;
- dat ons nog baie vêr het om te gaan,
- nog baie het om te leer
- en nog baie dinge waardeur ons moet gaan.

Dan kan ons net bid: *Heilige, onbesmette, soewereine Lam van God, moet asseblief nooit ophou om vir my en al my swakhede, by die Vader in te tree nie".*

Dit gee mens weer so bietjie moed op hierdie aarde, net om op te kan staan en te kan sê: *Here, ek weet die Vader kyk nie vandag na my nie, Hy kyk vandag na my deur Sy Seun Jesus Christus.*

Dit verskaf egter groot verligting as jy net agteroor kan sit en besef: die diepte van die evangelie, die diepte van die prys wat vir my betaal is; want ten spyte van al my swakhede en tekortkominge en ellendes en buie en al my alles, is Hy nog steeds my Verlosser, my Krag en my Sterkte. Hy is die oorwinnaar oor al hierdie dinge. Wanneer ek swak is, word my swakheid in Sy volheid, Sy krag en Sy sterkte volbring, en ek dank Hom vandag daarvoor.

Ek wou dit net vandag met julle deel. Ons bly swakke mense, ons bly ellendige mense, en ons gaan fouteer, maar ons moet altyd onthou dat ons hand in die Here se hand is. Hy sal ons lei tot die dood toe, Hy sal ons anderkant toe lei. Sy gees sal ons bewaar en ons help.

Mag hierdie boodskap julle vandag seën.
Mag hierdie boodskap julle vandag versterk.
Mag die Here met julle wees.
Die Here seën.

-o0o-

**Bykomende Skrifverwysings in hierdie lesing**

**1 Johannes 1:7** Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

**1 Timótheüs 1:16** Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus in my as die vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, om 'n voorbeeld te wees vir die wat in Hom sal glo tot die ewige lewe.

(AMPC) But I obtained mercy for the reason that in me, as the foremost [*of sinners*], Jesus Christ might show forth *and* display all His perfect long-suffering *and* patience for an example to [*encourage*] those who would thereafter believe on Him for [*the gaining of*] eternal life.

**Psalm 118:14** Die HERE is my sterkte en psalm, en Hy het my tot heil geword.

**2 Korinthiërs 12:9** En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.

-o0o-